Tema: Geen beproewing, teleurstelling, sonde of pyn kan vir die gelowige te veel word nie want Christus het die duisternis oorwin.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 112-2: 1,2,3
Ps. 36-2: 2,3.

God en sy gemeente ontmoet mekaar
Intreelied Ps. 43-1: 2,3
Votum
Seën
Loflied uit Ps. 27-1: 1,4
Geloofsbelydenis: 12 Artikels.

Ons verootmoedig ons voor God
Die Wet uit Eksodus 20
Sing Ps. 130 - 2: 1,2
Gebed.

Sakramentbediening
Doopformulier
Bediening van die doop
Sing Ps. 105 – 1 : 5

God bedien sy Woord en ons ontvang dit in geloof
Skriflesing: Johannes 1: 1 – 14
Teksverse: Johannes 1: 4,5.
Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Here se Woordbediening
Gebed
Liefdegawes
Sing Ps. 42-3: 3,5
Gebed vir BnB Kinderfees;
Seën
Amen Sb 13-2.

Geliefde br. en sr

Mens hoor soms dat iemand wat baie swaar kry vir jou sê: “Ek kan nie meer nie, dit word nou vir my te veel”! Miskien het jy self al so gevoel en gesê. Dit is nie vreemd dat gelowiges dit sê nie omdat daar sovele beproewinge, swaarkry, pyn en ellende in die lewe is. Ag dis te veel en te wyd om op te noem! Ons lees so dikwels in die Psalms van die worstelinge van gelowiges.

Daar is soveel siektes, werkloosheid, huwelik of gesinsprobleme, terugslae en slegte nuus wat mense platslaan. Al gaan dit finansieel goed of is daar oënskynlik niks fout nie, worstel sovele gelowiges met hulle geloof! Hulle twyfel aan die Skrif of in God. Siektes soos kanker, depressie en spanningverwante toestande neem eenvoudig net toe.

Die kompleksiteit van die lewe word vir baie mense net te veel om te hanteer! Moedeloosheid en radeloosheid neem besit van baie mense! Brs en srs, baie van ons lidmate worstel ook met hierdie en soortgelyke beproewings en versoekings.

Die duisternis of donker waarvan ons teksverse praat is die simbool van hierdie dinge. Ons weet dat donkerte of duisternis in die Bybel simbool is van die Satan en sy magte en van sonde en die gevolge daarvan. Duisternis is ook simbool van alles wat as gevolg van sonde in die wêreld gekom het: bv. beproewing, seerkry en swaarkry wat ons belewe.
Hierdie dinge bring spreekwoordelike nag in ons lewe. Dit voel of dit donker word en daar geen lig van hoop, einde, troos of hulp is nie.

Daarom bring die Here vir ons ’n boodskap van lig in hierdie duisternis. Die Here verseker ons: geen beproewing kan ooit vir die gelowige te veel word nie! Ja, ons kan na ons mensheid so voel en sê dat alles vir ons te veel word! Dit is maar net menslik dat jy mens soms by daardie punt kom! Die wonder is: dit gebeur nooit! Geen beproewing word ooit vir die gelowige te veel nie omdat Christus die duisternis oorwin het.

Kom ons kyk hoe hierdie waarheid uit ons teksverse ontvou.

Johannes begin sy evangelie deur te wys op Christus se ewige bestaanswyse. Die “Woord” nl. Christus was van ewigheid God en alles het deur Hom ontstaan. Onthou julle nog hoe het God die skeppingswerk begin? Ons lees dat die eerste skeppingswerk van God in donkerte gehul was en dan sê God: Laat daar lig wees” en daar was lig! Die lig het die chaos van die aanvanklike skepping kom orden en daarop volg die res van God se lieflike skeppingswerk.

Na die sondeval het die wêreld weer simbolies donker geword. Want die werke van Satan het in die mense en in die skepping sy neerslag gevind met sonde, haat, dood, pyn en ellende. En daarom sê Johannes moes Christus in die wêreld kom om lig vir hierdie donker wêreld vol pyn en ellende en swaarkry te bring!

Die manier waarop Jesus hierdie lig gebring het, was deurdat Hy ware lewe vir die mens in sy sondedood gebring het. Christus het in die sondedood wêreld weer ware liggaamlike en geestelike lewe gebring soos wat God dit aanvanklik aan Adam en Eva gegee het. Hy het die werke van die duiwel wat ons liggaamlik en geestelik dood wil maak, kom deurbreek sodat ons met liggaam en siel waarlik kan lewe!

Hierdie ware lewe in en deur Christus – dit is die lig vir ŉ wêreld wat in donkerte gehul was en mense wat in donker vasgevang was!

Maar, brs en srs, Christus het hierdie lig op ŉ baie besondere en troosvolle manier in ons lewe gebring. Hy het nie soos Superman van die buitenste ruimte ingevlieg en hierdie nuwe lewe soos ŉ lig in mense se lewens kom aanskakel, soos wat jy ŉ lig in ŉ donker aanskakel nie en weer weggevlieg nie!
Nee! Hy het gesê: Ek wil eers self sien, voel en beleef hoe dit is om in die donker te wees sodat Ek kan verstaan wat mense in hulle nood ervaar sodat Ek hulle regtig kan help!

Christus wou eers self sien en beleef hoe donker dit is. Ons lees daarvan in Hebreërs 4: 15 : "Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. [16]Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word."
Ons lees ook in Hebreërs 2: *18* "Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word"

Hoe bring Jesus vir ons die lig in ons donkerte? Deur saam met ons die stof- en seerkry - doringpaaie van die lewe te loop! Het God nie in Jes. 43 belowe "as jy deur water en vuur moet gaan, is Ek by jou" nie? Christus het self kom ervaar wat is om swaar te kry, om seer te kry, om bang te word en nie te weet hoe vorentoe nie!

Hyself het gehuil by die graf van sy vriend. Hyself was verstom en bedroef oor die moord van sy ander vriend Johannes! Hyself moes sy moeder aan die sorg van ŉ ander toevertrou! Is dit nie Hy wat in Getsemane gebid het: Vader, is daar nie ŉ ander weg as die kruis nie? Hyself het gevoel dat dit vir Hom te veel word en dat Hy nie meer verder kan nie!

En tog het Hy verder kon gaan! As Hy daar op Golgota gekruisig word om die straf van die sonde-duisternis vir ons te dra, dan breek daar 3 ure donkerte aan waarin Jesus met die Satan en al sy donker magte worstel en oorwin. Brs en srs, ons kan ook sê dat Jesus in daardie 3 ure met al ons beproewinge, versoekinge, swaarkry en seerkry geworstel het, dat Hy dit daar vir ons gedra het en dat Hy vir ons oorwin het!

Dit is wat ons teksverse bedoel! Die duisternis kon die lig wat Christus bring nie uitdoof nie! Die woord wat eintlik daar gebruik word, is "oorweldig". Ja, die Satan en sy donker magte het probeer om Christus te oorweldig – soos wat hy probeer het om die mens en die wêreld te oorweldig, maar hulle kon nie! Die lig van die nuwe lewe wat Christus vir ons

gebring het, het daar op Golgota bly skyn, dit het glansend deurgebreek met sy opstanding en dit bly skyn tot vandag toe en dit sal vir ewig bly skyn

Deur geloof aan ons te skenk, het Jesus daardie lig in ons aangesteek! ’n Lewe in en deur Hom wat nie weer gedoof kan word nie! ’n Lewe wat nie deur die donkerte van siekte, beproewing, versoeking, pyn en ellende oorweldig kan word nie! Dit is net nie moontlik nie! Dit is die versekering wat Jesus vir ons gegee het!

In Hom en deur die kragtige werk van die Heilige Gees deel ons aan daardie ewigskynende lewe! Wanneer ons moeg en moedeloos raak en voel : ek kan nie meer nie! Dan dra die Gees my verder! Rom. 8 leer ons wanneer my woorde in gebed opraak omdat ek in my swakheid nie meer verder vorentoe weet nie – dan bid die Heilige Gees vir my! Hy pleit vir my! Wat ’n geweldige troos en krag! En geen donkerte van beproewing of versoeking kan hierdie lig uitdoof nie!

Ja, selfs al word my beproewing ’n beproewing tot die dood toe – ja, selfs dan word die lig van die lewe in Christus nie gedoof nie! Ook die donkerte van die dood kan nie Christus se lewe in my oorwin nie! Inteendeel: deur die dood word ek bevry van die donker en kan ek vir ewige in God se lig lewe! Brs en srs –wat ’n geweldige troos – geen beproewing kan vir my te veel word nie!

Maar brs en srs, ons moet ook die beeld van lig baie mooi verstaan. In die tyd van die Bybel wat daar nie helder skynende elektriese ligte wat ’n hele vertrek of self ’n hele stad kan verlig nie. Hulle lig het gekom van ’n klein olielampie soos hierdie een. (Wys ook skyfies van Bybelse lampies) Hierdie lampie se ligskynsel het kwalik ’n hele vertrek verlig. Die lig was maar in ’n klein radius rondom die persoon wat dit gedra het!

Om dus die lig van die nuwe lewe altyd in my en by te hê moet ek die lamp – Jesus Christus - altyd met my saamdra! Ek moet styf in die geloof aan Hom vashou sodat ek deur sy krag wat in my werk staande kan bly! Dan kan geen beproewing my vir my te veel word nie!

Iemand het eenkeer gesê: as jy in ’n donker vertrek moet sit, gee jy tog nie die duisternis van die nag die skuld nie. Nee, jy sorg dat daar ’n lamp is. Steek oral in die donkerte hoeke van jou lewe ’n lamp op! En die lamp is Christus!

Hy troos, Hy gee nuwe hoop, Hy gee koers en rigting, Sy liefde bring warmte en sekerheid. Hy dra jou deur dinge waarvan jy gedink het dit vir jou die einde beteken!

Hiervan getuig Paulus in 2 Korintiërs 4 met hierdie woorde: “En God wat gesê het: “Laat daar lig skyn uit die duisternis,” het ook in ons harte ’n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal. [7]Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie. [8]In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is

oor raad verleë, maar nie radeloos nie; [9]ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie. “

Van die krag van hierdie ware lewe in Christus kan baie van ons ook getuig! Dit is die wonder van wat Christus bring vir elkeen wat in Hom glo!

Geliefdes, die lig skyn vandag ook in die duisternis en die duisternis kon dit nie uitdoof nie! Daar is geen beproewing wat ooit vir jou wat in Christus glo te veel kan word nie. Mag dit ons bemoedig, krag en dra – al lyk dit of dit stikdonker rondom ons is.

Amen